

Opgehelpte gelowiges is meer toegewyd!

Dawid het owerspel en moord gepleeg. Omdat God hom al voor die skepping uitverkies het om sy kind te wees, het God hom nie oor hierdie verskriklike sondes verwerp nie, maar het Hy sy profeet Natan na hom toe gestuur om hom daarvoor te gaan vermaan. Omdat Dawid God se uitverkore kind was, het hy die vermaning ter harte geneem, sy sonde bely en hom bekeer.

In Psalm 51 sien ons baie duidelik dat daar 'n verandering ingetree het by Dawid. Hy pleit om God se genade en om vergifnis. Hy neem sy toevlug tot God en vra (vers 12): "Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig." In plaas van die voorneme om weer te sondig is daar nou by hom die wil om ander te leer. Hy vra dus (vers 14-15): "Laat my weer die blydschap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien. Dan sal ek oortreders leer wat U van 'n mens verwag; dat die sondaars hulle tot U sal bekeer."

Daarom bely ons: "Wanneer die vertrouwe in die volharding weer lewendig word in hulle wat uit 'n val in sonde weer opgerig word, bring dit geen ligsinnigheid of verwaarlosing van die vroomheid nie, maar eerder 'n baie groter besorgdheid om nougeset die paaie van die Here te bewaar." Hierdie "groter besorgdheid om nougeset die paaie van die Here te bewaar" sien ons baie duidelik ook by Dawid.

Ware gelowiges misbruik dus nie God se vaderlike goedheid nie, maar hulle bekeer hulle en hulle dien God met groter toewyding as vroeër. Hulle bid voortdurend (vers 8): "Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart: laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe."

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~